

Boudebtraai by The Book Lounge

DR FRANCOIS VERSTER

Korrespondent

In Engels praat hulle van *lounge lizards*, maar ek dink nie 'n boekliefhebber kan soos 'n akkedis rondlê as hy/sy in The Book Lounge in Kaapstad beland nie - daar is net te veel om te sien en te bevoel. En al klink 'bibliofiel' na iets suggestief (ek verwys nie na pop-ikone nie) is dit eerder dan 'n geval van 'n *kid in a candy store*, maar darem ook nie 'n *bull in a china shop* nie - daar is genoeg beweegruimte, behalwe gedurende boekbekendstellings. Dis mos die een ongelukkige ding van sulke geleenthede: boekwinkels is net nie bedoel vir skares nie, al sou die eienaars dit ook so wou hê - kopers is immers broodnodig in hierdie kompeterende mark. En boeke is nie goedkoop nie al wil boekwurms altyd net nóg een en nóg een hê! Dis egter een baie spesiale boek wat op 21 Julie 2009 die lokaas was ...

Ek en Vroutjie soek eers verwoed na 'n parkeerplek in die woelende Roelandstraat en eindig só ver van die winkel af dat as ons in 'n woestyn was, was die Lounge seker 'n lugspieëling. Want ja, die plek is nogal 'n oase - die oomblik as jy instap en al daai boeke sien, is jy in 'n verkwikkende ander wêreld en

wil jy die boeke soos kokosneute pluk. Of is dit dadels? (In elk geval, dis waaraan ek dink as ek aan my begroting dink: dadels). Maar dan sien ons vir Bun Booyens, WEG! se redakteur, en ons skeur ons weg van die boekrakke en volg sy spoor af met die trap na die kelder waar die ware skatte blykbaar is. Daar onder gaan dit jolig; mense probeer dapper om te meng, en slaag darem daarin om letterlik skouers

te skuur met 'n paar bekende name van die WEG!-span. Sommige is nou vryskut, soos Jaco Kirsten van *Wit plafon*-faam, onmiskienbaar in swart leerbaadjie en gejelde kuif, en doer steek Dana Snyman se blink kant ook bo uit - jel sal 'n vleiskuif soos syne inderdaad net meer laat blink, maar nie laat groei nie. En as dit sou, sou hy 'n imposante hoof soos bosbaardman Erms Grundlingh ontwikkel, wat proporsies net verder uitgooi. En dan lyk hulle albei nóg ronder teen Bun en Toast Coetzer soos hulle uiteindelik op die kroegstoeltjie uitgeparadeer sit daar voor die gretige groep wat eers hulle dors na wyn geles het en nou die manne se humor wil beproef; die pitkossies wat hulle goedig en gemaklik uitstrooi asof dit egalig uit een van daai pikant-langwerpige voëltjievorbak-apparate vloei. Iemand merk op dat hulle nogal soos vyf byevangers lyk soos hulle daar op 'n ry sit en met die koordlose mikrofoon *hot potato* speel terwyl Erms luimig vrae vra.

Die meeste vrae het gegaan oor die gewone, soos: waar kry julle inspirasie, maar dis aan 'n ongewone groep mense gestel. Die antwoorde was dus gewoon ongewoon; een ou doen dit só en die ander een sus. Dana beweer hy begin gewoonlik ná die spertyd, wat almal snaaks vind, juis omdat dit voorkom asof hy dan so maklik (en, neem mens aan, vinnig) skryf. Bun sê Dana kan iets interessants skryf oor die mees gewone gebeurtenis, soos oor die pad stap. En dan voeg hy by: 'Want Dana stap so stadig.' Bun lees gedeeltes voor uit elkeen se werk en 'n mens hoor dadelik dat, unieke persoonlikhede ter syde, hulle goed saamspan (amper sê ek 'jel'). Ook omdat daar ooreenkomste in hulle manier van werk is: hulle reis baie, soek na ongewone maniere om (meestal gewone) dinge te beskryf, herinner die lesers aan hul eie herinneringe (ja, nostalgie speel 'n rol, al wens 'n mens nie noodwendig al die gisters terug nie) en daar is die humor, altyd die humor. Bun beweer dis veral die tussen-die-lyne-aspek van WEG! se skryfsels wat daarvan pèrels maak in stede van semels. En WEG! se lesers is nie ignoramusse of varke nie - dis juis wat hierdie gewilde tydskrif na vyf jaar steeds horisonne laat verbreed; hetsy jy self die Vier-maal-Vier ry en of jy dink dit is bloot die somtotaal van alles wat jy graag sou wóú doen, daar waar jy op jou sofa in die son sit en stoel.

Om te illustreer wat hy bedoel lees Bun 'n stuk uit Toast se werk waar laasgenoemde 'n rotpilaar beskryf. Toast se wenresep



is om beelde opmekaar te stapel en dan, aan die einde van soms lang sinne (ek ken nog iemand wat dié swakheid koester) smokkel hy iets kontrasterend in - mens sou kon sê hy jukstapositioneer begrippe soos Roald Dahl altoos sy kinkels aan die einde van 'n storie laat val het, tieng! en terselfdertyd *drop* die pennie aan die leser se kant ook. Die trefreël van Toast se skets was dat die dun rotstorkie miskien deur vyf bobbejane omgestoot kan word, sou mens hulle daartoe kon omkoop met 'n paar turksvye. Mmm, ja, ek weet, ek is nie Toast nie: jy moes daar wees om te verstaan. Maar terug na die skryfegiek: dit herinner 'n mens aan 'n hoendersosatie met 'n uitjie aan die punt; eers 'n aantal gelykmatige knoetse en dan die *piece de resistance*. Hierdie manne kan werklik skryf en veral béskryf. Daarom kan jy maar agteroor sit en saam met hulle op verbeelde vlugte reis - al is hulle deel van die *bargain* nie verbeeld nie. Hulle beweer almal dat hulle net die waarheid praat en 'n mens glo hulle, al kom die stelling met 'n grynslag, soos Jaco maak as hy vertel van studentekaskenades en die dinge wat ongesê gelaat is - jy verbeel jou jy weet waarvan hy praat, al is dit oor jou eie herinneringe wat jy lag.

Eintlik is dit ironies dat iemand soos Dana wat al as die 'koning van nostalgie' beskryf is, nie regtig daarop fokus nie - dit kom sommer net. Bun sê die brieklose rubrieke wat hierdie knape skryf, asook dié van ander (mede) werkers werk só goed dat hy nie 'n remskoen wil wees nie - en mens moet hom dus krediet gee dat hy sodoende verseker dat daar 'n eiesoortige variant van die reis-beskrywing-genre ontwikkel het. 'n Redakteur moet weet wanneer om in te trek en wanneer om die teuels te laat skiet. Dit het beslis bygedra tot *WEG!* se sukses, tot die bekendheid van sy skrywers en dat daar 'n mark is vir boeke soos **Sonbrand en braaiboud**.

Uit 'n meer persoonlike perspektief is dit interessant om te hoor dat Bun se vader, die geliefde, onvergeetlike Oom Bun die Kultuurman, ook al 'n medewerker was. En Bun Senior se invloed is duidelik: die verkenning van nuwe plekke en die opteken van

die verlede is intrinsiek deel van Bun Booyens die redakteur én van die tydskrif *WEG!* Ook die humor wat altyd saamreis. Verander jy daaraan, is dit soos om 'n Volksie se enjin vorentoe te skuif - en 'n Jetta is maar net nie 'n Beatle nie. Die nuwe boek wat volg op **Waar die leeus Afrikaans verstaan** (2006) is dan die tweede raakvatting van die karakter van *WEG!* - en belooft om groot aftrek te kry indien die entoesiasme van die gehoor by The Book Lounge 'n aanduiding is.

Ek het die battery rubrieksrywers betrag soos hulle daar sit en skerts - hulle is onteenseglik 'n belangrike onderdeel van die gladlopende masjien wat *WEG!* is - en ek meen dis eerder op olyfekstrak as fossiele s'n wat hulle, ag ek meen die tydskrif, geolie is, want hierdie manne is lief vir die natuur. Hulle sê die era van papierjoernalistiek is haas verby, maar ek glo dit sal hulle nie te veel pla nie: net nog 'n nuwe uitdaging wat 'n loslittige avontuur sal word - eersdaags lees ons hulle stories via elektroniese apparatuur. En dan hoef die laaste verdwaalde hippies nie meer die bome te *hug* nie. Ennie bojane kan hille-se eige turksvye pluk!

Toe ons uitstap tik iemand my op die skouer. Dis my gunsteling tydskrifredaktrise: 'Gaan jy vir ons iets oor hierdie geleentheid skryf?' Het dit nie beplan nie, maar mensig, hierdie mense het my ou dieselenjin toe ook gevonk. En so, op eg-Suid-Afrikaanse wyse pak ek die blaam op iemand anders ...

Ek en Vroutjie was spesifiek dáár om dié skeppende mense se kwinkslae te gaan geniet, en hét ook, maar nou met sonsopkoms van die volgende dag, wil ek my werk klaarkry, want ek brand om in hulle skryfkuns te gaan baai.

